## 12 September - RAGEL

**Skrif- en Fokusgedeelte: Genesis 35:16-20**

Ragel, die geliefde van Jakob, se moederskoot is aanvanklik deur die Here gesluit, terwyl Lea, die nie-geliefde, die een kind na die ander vir Jakob in die wêreld bring. Hoe het Ragel nie oor die loop van baie jare haar lot by haar man bekla, en met die Here hieroor geworstel nie! Niks kon haar troos nie, nie haar man nie, en ook nie die kinders wat haar slavinne vir haar man, selfs op haar skoot, gebaar het nie. En dan! Uiteindelik gee die Here aan haar 'n seun! Sy noem hom Josef.

Eers na baie jare word sy weer swanger. Hoe hartseer dat by die voortbring van 'n lewe die moeder sterwend is. Met haar laaste asem gee sy ook aan haar tweede seun 'n naam: Ben-Oni, seun van my smart/swaarkry/hartseer.

Hoe hartseer is die gevolge van die sondeval nie! Die dood, die eerste dood, is altyd deel van die lewe. Almal sterf nie op hoë ouderdom nie, en die omstandighede waarin mense sterf, is dikwels so onverwags, so hartseer, so onverstaanbaar. In hierdie geskiedenis moet 'n kindjie nou sonder 'n mamma grootword, die geborgenheid om aan die bors gekoester te word, ontbeer!

In Jakob se gemoed, hier by die sterfbed van sy mooie Ragel, val die fokus egter op iets anders as die dood. Alhoewel dood deel van die werklikheid van lewe is, sien Jakob ook 'n ander werklikheid raak: die werklikheid van 'n lewende God, 'n God wat lewenslank vir die sterwendes sorg. Die lewegewende God. Jakob onthou in hierdie harseer oomblik die betekenis van Ragel se eerste seun se naam. Elke keer wanneer die naam Josef oor haar lippe gekom het, het haar gebed na die Here weerklink: *"Mag die HERE vir my 'n ander seun daar byvoeg!"* (Gen 30:24).

Jakob se fokus val op die Here se genade, sy liefde. Op gebedsverhoring. Op die feit dat, wanneer die Seun van God gekom het, Hy oor die dood sal triomfeer. Hy verander die seuntjie se naam na Benjamin: seun van my regterhand, my hulp, my vreugde!

Lewe is belangriker as dood, vreugde groter as hartseer, die toekoms heerliker as die verlede. Die lewe is Christus, en die sterwe, wins. Daarom kan, ja, moet ons altyd in die Here bly wees. Onder alle omstandighede, hoe hartseer ook al! Die fokus val nie op die einde van aardse lewe nie, maar op die oneindigheid van die lewe in Christus!

*Sing: Psalm 90:8, 9 (1936-beryming)* *Ds LSD du Plessis (Groblersdal)*